Selfvertroue deur chirurgie versterk

Lee Furter-Aucamp

DIE neuschirurg dr Pieter Swanepoel van Pretoria beskryf sy werk as ook sy stokperdjie.

Hy het reeds meer as 21 000 neusoperasies gedoen en het lede van die Constantia-damesklub in Pretoria oor sy snykuns vertel.

"Die neus is 'n baie doelmatige lugversorger. Lug wat ingeasem word wissel van minus 50 grade Celsius tot ongeveer 50 grade Celcius.

"In die vyf sentimeter lange neuskanaal verhit of verkoel die neus die lug binne 'n vyftiende van 'n sekonde tot 37 grade Celsius," sê hy.

Die natuurlike verhouding van die gesig speel 'n groot rol in gevalle waar korrektiewe en kosmetiese snykunde gedoen word.

Die gesig word horisontaal in drie ewe-enige dele verdeel. Die lengte van die bolip is byvoorbeeld dieselfde as dié van die punt-projeksie van die neus.

Soos die jare aanstap en die mens dalk tandloos word, kan die onderste derde van die gesig in plaas van 'n een tot een-verhouding met die ander twee derdes tot 0,6% verklein.

Die insinking van die mondgedeelte sorg dat die punt van die neus afsak. Dit kan ernstige asemhalingprobleme veroorsaak.

"Die mense wat nie meer gemaklik deur hul neuse kan asemhaal nie, haal oopmond asem. Hul asemhaling is vinniger en die lug word nie diep in die longe ingetrek nie.

"Omdat suurstof met dié vlak asemhaling nie die bloed kan verryk nie, is sulke mense chronies moeg," sê dr Swanepoel.

In sulke gevalle word die punt van die neus gelig, sodat lug weer vrylik deur die neus kan vloei.

'n Pasiënt met 'n gebreekte neus word nie dadelik geopereer nie. Die swelling moet eers heeltemal sak, sodat natuurlike kontoere en belyning duidelik sigbaar is.

Baie groot kolumellas kan ook die vloei van suurstof verhinder en dit kan chirurgies reggestel word.

Dr Pieter Swanepoel

"Die optiese illusie van 'n profiel kan soms te konkaaf of te konveks wees. Dit sal beteken dat die neus baie ver uitstaan en die voorkop en ken groot geboë hellings toon; of die neus kan heeltemal te plat vertoon, terwyl die voorkop en ken duidelik uitstaan."

Die vorm van die neus en ken kan in dié gevalle 'n groot verskil maak. Die ken kan met weefsel opgebou of effens na agter teruggeskuif word.

Die brug van die neus kan verklein of vergroot word.

Die punt van die vrou se neus word dikwels gelig, om die profiel meer vroulik te maak.

Die lengte van die pasiënt word in aanmerking geneem wanneer die neus-punt opgetrek word.

"Veranderings aan die gesig moet baie subtiel gedoen word. As die chirurg se korrektiewe chirurgie net paar millimeters van die projeksie afwyk, skep hy maklik nuwe voorkoms-foute.

"Hoe mooier die pasiënt is, hoe moeiliker is dit om kosmetiese veranderings te doen. 'Perfection lies in small things, but it is no small thing'," sê hy.

Die neiging is om genoemde operasies onder lokale verdowing te doen. Dit is goedkoper en die pasiënt kan dieselfde dag huis toe gaan.

"'n Mens is nooit te oud om kosmetiese chirurgie te oorweeg nie. In die meeste gevalle bied dit pasiënte baie meer selfvertroue," sê dr Swanepoel.

Voor en na chirurgie